

Skriflesing: Matteus 28: 1-20; 1 Korintiërs 15: 1 – 11 (2020-Vertaling)

Teks: **Mattheus 28: 18-20; 1 Korintiërs 15:6**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 9:1,9,12**

TYDENS EREDIENS- Ps.23:1; Ps. 51:1,6; Sb. 2-2 (34):1,2; Sb. 2-2 (34):3

Mattheus 28: 1-20

1 Ná die Sabbat, teen dagbreek op die eerste dag van die week, het Maria Magdalena en die ander Maria gegaan om na die graf te kyk. 2 Skielik was daar 'n groot aardbewing, want 'n engel van die Here het uit die hemel neergedaal, nadergegaan, die steen weggerol en daarop gaan sit. 3 Sy voorkoms was soos weerlig en sy klere wit soos sneeu. 4 Uit vrees vir hom het dié wat die graf bewaak, gebewe en soos dooies geword. 5 Toe antwoord die engel die vroue en sê: “Moenie langer bang wees nie, want ek weet julle soek Jesus, die gekruisigde. 6 Hy is nie hier nie, want Hy is opgewek, soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het, 7 en haas julle en gaan sê vir sy dissipels, ‘Hy is opgewek uit die dood! Kyk, Hy gaan voor julle uit na Galilea – daar sal julle Hom sien. Dit het ek vir julle gesê.’” 8 Met vrees en groot blydschap het hulle haastig van die graf af weggegaan en gehardloop om die boodskap aan sy dissipels oor te dra. 9 Onverwags het Jesus hulle tegemoet gekom en gesê: “Gegroet!” Hulle gaan toe nader, gryp sy voete en aanbid Hom. 10 Daarop sê Jesus vir hulle: “Moenie langer bang wees nie. Gaan sê vir my broers dat hulle na Galilea moet gaan – daar sal hulle My sien.” Die wagte se leuen 11 Terwyl die vroue op pad was, het enkele van die wagte na die stad gegaan en alles wat gebeur het, aan die leierpriesters berig. 12 Die leierpriesters het toe met die familiehoofde bymekaargekom, en 'n besluit geneem om 'n groot som geld aan die soldate te gee, 13 met die opdrag: “Sê, ‘Sy dissipels het in die nag gekom en hom gesteel terwyl ons geslaap het.’ 14 En as die prokurator daarvan te hore kom, sal ons hom gerusstel en sorg dat julle nie in die moeilikheid beland nie.” 15 Hulle het die geld toe geneem en gemaak soos hulle voorgesê is. Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode versprei. Die elf dissipels het na Galilea gegaan, na die berg waarheen Jesus hulle ontbied het. 17 Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, maar sommige het getwyfel. **18 Jesus het nader gekom en vir hulle gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan en maak dissipels van al die nasies, deur hulle te doop in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees, 20 en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.”**

1 Korintiërs 15: 1 – 11

1 Broers, ek herinner julle aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het, wat julle ook aangeneem het, en waarin julle ook vasstaan, 2 waardeur julle ook verlos word; mits julle vashou aan die evangeliewoord wat ek aan julle verkondig het – tensy julle vergeefs tot geloof gekom het. 3 Want die wesenlike wat ek ontvang en ook aan julle oorgelewer het, is: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; 4 Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte; 5 en Hy het aan Sefas verskyn, en toe aan die twaalf. **6 Daarna het Hy aan meer as vyfhonderd broers tegelyk verskyn, van wie die meeste nou nog leef, maar sommige al ontslaap het.** 7 Daarna het Hy aan Jakobus verskyn, en toe aan al die apostels. 8 As die laaste van almal het Hy ook aan my, die misgeboorte, verskyn. 9 Want ek is die geringste van die apostels, nie geskik om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die gemeente van God vervolg het. 10 Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie vergeefs nie, trouens, ek het baie harder gewerk as al die ander – eintlik nie ek nie, maar die genade van God, wat met my is. 11 Daarom, of dit ek of hulle is, dit is wat ons verkondig, en daarvolgens het julle tot geloof gekom.

Skriflesing: Matteus 28: 1-20; 1 Korintiërs 15: 1 – 11 (2020-Vertaling)

Teks: **Mattheus 28: 18-20; 1 Korintiërs 15:6**

Sing: **VOORAF SANG- Ps. 9:1,9,12**

TYDENS EREDIENS- Ps.23:1; Ps. 51:1,6; Sb. 2-2 (34):1,2; Sb. 2-2 (34):3

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wat maak hierdie besondere verskyning waarby ons vandag mag kom, uniek? Verlede Sondag by die sewende verskyning waar Jesus sy dissipels 'n besondere 153 visse laat vang het, het ons dit moes raaksien dat Jesus gesê het, sy dissipels sou nie meer vissers van visse kon bly nie, hulle moes word vissers van mense. *Van nou af sal julle mense vang*, was van Jesus se heel eerste opdragte toe hy sy dissipels geroep het (Lukas 5). Dit is wel opvallend dat in dié drie jaar wat Jesus in sy besondere amp op aarde was daar aanvanklik skaars mense was waar Hy gepreek het en wonders gedoen het en ook

besondere gelykenisse vertel het. Die Here het onder die baie gelykenisse ook 'n gelykenis vertel van hoe daar in die koninkryk mense in nette bymekaargemaak sal word. Mattheus 13 vers 48 sê dan as die nette vol is, sal die goeies, m.a.w. die kinders van die Here in bakke bymekaargemaak word en die slegtes, hulle wat nie aan die Here behoort nie, word weggegooi. Die wat nie aan die Here behoort nie sal dan ook baie méér wees as hulle wat wel deur God uitverkies is, waar die Here self ook gesê het, baie is geroep, min is uitverkies.

Jesus het hierdie waarheid in sy eie bediening bevestig want soos die tyd aangestap het, het die skares wat Jesus gevolg het met verloop van tyd al kleiner geword. Op die einde vra Jesus sy dissipels of hulle Hom nie ook wou verlaat nie. Ons besef die Here se werk en die Here se koninkryk het nie noodwendig altyd met groot getalle te make nie, maar die Here se koninkryk het wel altyd met God se heerlikheid te make. Daar is nie 'n enkele van die sewe verskynings waarby ons reeds in hierdie reeks by gekom het waar God se heerlikheid nie duidelik was en aan die werk was nie. Daardie 153 visse in die net was ook maar net weer 'n glimp van God se heerlikheid.

BY die sewende verskyning was ons groot vraag hoeveel tyd, hoeveel werk en aandag gee ons aan die dinge op aarde in vergelyking met wat die hemelse dinge betref. Is ek werklik besig om mense al nader aan die Here te wil bring, mense soos vis in die nette van die koninkryk te wil intrek. Die groter vraag mag dalk 'n ongemaklike vraag wees, want dit is 'n gewetensvraag wat elkeen by homself/haarself moet kan antwoord. Die vraag is - is ons ware rykdom in aardse dinge geleë of in die hemelse sou ons ook kon vra.

By die agtste verskyning is ons nie nou meer by die see nie, maar by 'n berg, 'n berg naby Galilea. Heel waarskynlik dieselfde berg (dalk die berg Tabor) waar Jesus drie jaar vantevore die aangrypende saligsprekinge uitgespreek het en dit beskou kan word as die mooiste preek wat daar nog ooit op aarde was. Mattheus 5-7 bevat hierdie wonderlike preek en is Jesus se toepassing in sy eerste preek op aarde ook direk op die man af van hoe daar mense is wat wel hulle lewenshuis op die rots bou maar hoe baie mense is daar wat besig is om hulle huis op die sand te bou. (Vgl. Matt. 7:24-28). Jesus verbind die sand-bouers direk aan hulle wat nie bereid was om na Jesus se woorde te luister en daarvolgens te handel nie. Die rots waarop gebou kan word noem Jesus self dat so iemand is een wat na God se Woord luister en daarvolgens handel.

Daar is oor die eeue heelwat eksegete gewees wat die bergpredikasie saamvat as hier het ons te make met die fondasie, met die grondwet van God se koninkryk. As jy by God se heerlikheid wil uitkom moet jy tog by die grondwet in sy koninkryk wil begin.

Dis soos die grondwet of die konstitusie van 'n land. Daar moet by die grondwet gehou word anders kan dit in 'n land nie goed gaan nie. Ons land vertel die verhaal van wat gebeur as mense meer in mag en vergrype van mag en geld belangstel as om in alles die grondwet te wil handhaaf. Dit kan dan hoegenaamd nie goed gaan nie, waar die afgelope week weer 'n nare herinnering was hoe is daar in die land gesteel en gemors word op 'n skaal wat die skadelik my eintlik nie bereken kan word nie. Die meeste Eskom-werkers steur hulle nie gewoon aan die wette van ons land dat by noodsaaklike dienste mag daar nie gestaak word nie en maak hulle eenvoudig wat hulle wil, ongeag die grondwet, ongeag die wette van die land. En lyk my hulle gaan eenvoudig maar kan aangaan asof niks gebeur het nie, asof die grondwet nie in sy wese aangetas word deur dade van terreur en ekonomiese sabotasie nie. Ons grondwet lyk my raak al minder werd as die papier waarop dit geskrywe staan.

By die agtste verskyning het ons wel ook in wese met 'n grondwet te make. Hierdie is die enigste van die 10 verskyninge wat Jesus vooraf die vergadering belê het. Jesus het hierdie byeenkoms eintlik al by sy eerste verskyning vasgemaak want het Jesus toe al vir die vroue gesê dat hulle en sy dissipels vir Jesus by daardie plek en daardie berg moes wag. En hier gebeur wel ook iets van 'n ander verrassing. Waar ons gesê het die koninkryk van God werk dikwels nie met groot getalle nie, het ons by hierdie verskyning tog 'n groterige getal mense bymekaar. Ons aanvaar die byeenkoms wat Paulus later in 1 Kor. 15 van praat waar daar meer as 500 broeders bymekaar was, is een en dieselfde verskyning wat ons in Matteus 28 van lees. Hierdie was 'n belangrike verskyning en in baie opsigte 'n deurslaggewende afspraak want inderdaad het hierdie besondere verskyning met 'n grondwet te make.

Ons kan sê by hierdie agtste verskyning word die grondwet van God se koninkryk geproklameer. Dit is 'n grondwet wat 'n mens hom/haar eenvoudig gaan vasloop as jy jou nie daaraan steur nie. Met die grondwet van God se koninkryk kan 'n mens nie maak wat hy lus het nie. Soos ons by die vorige verskyning al God in sy heerlikheid met ons deur die sewende verskyning hoor praat het, gaan die agtste verskyning wel ook duidelik om God se heerlikheid maar meer nog in besonder hierdie verskyning het ook te make met God se mag.

God se mag en God se heerlijkheid loop altyd hand aan hand want as Jesus sy grondwet hier op aarde duidelik maak dan maak Hy dit ook baie duidelik dat aan Hom behoort alle mag in die hemel en ook op die aarde.

Dis dan ook presies waarmee ons die grondwet van God se koninkryk in sy eerste artikel mee kan saamvat is dat alle mag aan Christus behoort. Ons moet ons daarvolgens skik en bereid wees om ons aan Christus en sy mag te onderwerp. Wanneer ons dit doen dan het die daaropvolgende artikels in die grondwet van God se koninkryk dan ook baie duidelik die karakter van DIENS. Wie bereid is om hom/haar aan Christus se mag te onderwerp sal tegelyk bereid wees om aan God in Christus diensbaar te wees.

Diensbaarheid wat eintlik maar weer aansluit by wat die sewende verskyning alreeds ingelei het dat mense moet in die nete van God se koninkryk ingebring word. Om mense te vang is hoe God sy opdrag gee. Dit is eintlik nie anders as die opdrag by Jesus se agtste verskyning nie. Dit word net met ander woorde gesê - Dit is tegelyk die baie bekende sendingopdrag- Die ouer vertaling stel dit -*Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.* Dit wat God sê en dit wat God se opdrag is, kan eintlik vir geen misverstand vatbaar wees nie.

Dis 'n alles of niks saak. Jy is of voluit aan God gehoorsaam en is voluit bereid om in sy koninkryk diensbaar te wees want in God se woorde sê Hy aan Hom behoort *alle* mag, maak dissipels van *alle* nasies en watter wonderlike troos as Jesus dan ook sê Ek sal met julle wees *alle* dae. Inderdaad 'n alles of niks koninkryk. Ek het alles daaraan of ek het niks daaraan nie. Hierteenoor kan geen mens neutraal staan nie. Dit sluit aan by wat Jesus vroeër baie duidelik gesê het, dat wie nie vir My is nie, is teen My. Daar is geen neutrale gronde wanneer 'n mens op koninkryksgronde beweeg nie.

Dis woorde by die agtste verskyning wat in 'n sekere sin die meeste ore moes bereik wat bereik kon word. Paulus beskryf daar was meer as 500 broeders waarvan party al ouer moes gewees het want sê hy ook in 1 Korintiërs 15 dat sommige van die 500 het intussen al gesterf. Tog sal God se Woord en sy opdrag nooit aan ons sterwensbestaan onderwerp wees nie, dis ons wat ons aan God se grondwet en aan God se koninkryk en aan God se mag moet

onderwerp. Ons kan dit ook op geen manier losmaak van God se groot gebod, nl. dat jy moet die Here jou God bó alles lief het en jou naaste soos jouself. Tegelyk met die groot gebod het ons vandag die groot opdrag gelees, maak mense my dissipels, ja maak dissipels van alle nasies. Hiermee saam besef ons God in sy Drie-eenheid wil Hom ook baie duidelik hieraan verbind want daar moet gedoop word. Daar kan nie anders gedoop word as in Hom wat die Drie-enige God is nl. *doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*

Daardie skare van meer as 500 broeders, ja hoe baie weet ons nie, want as die mans al 500 was en ons weet daar was vroue ook, dan kan ons dalk die som met twee maal en sou dit wees dat Jesus by sy agtste verskyning tot meer as 1000 mense kon spreek. Dit kon dalk wees aan méér as 1000 mense, ons weet nie presies hoeveel nie, maar dit was 'n groot getal vir wie daar ook gesê is, as julle my groot gebod en my groot opdrag uitvoer dan wag daar op julle 'n leertaak. Mense moet geleer word want dit is nie iets wat ons en ons kinders outomaties ontvang nie. In die koninkryk sal daar altyd ook kategese en katkisasie moet wees want sê Jesus dat in sy groot opdrag moet mense (wat natuurlik ons kinders insluit) geleer word om die dinge te onderhou wat Jesus ons beveel het.

Die groot gebod en die groot opdrag loop ook hand aan hand met die baie groot belofte om Jesus in hierdie agtste verskyning te hoor sê - *Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.* Watter groot belofte is dit nie. Om eerste te moet hoor, aan Christus behoort alle mag, onderwerp jou aan Hom, wees aan Hom diensbaar, maar dan ook daarmee saam, Christus die groot Maghebber, sal jou nooit los nie. Hyself gee die groot belofte dat Hy is met ons tot aan die voleinding van die wêreld. Die 2020-Vertaling stel dit ook mooi- *Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.*”

Die wêreld gaan voleindig word dan is dit ook die einde van tyd. Dan breek die ewigheid aan wat ons verstand in alle geval te klein is om jou die begrip en die werklikheid van ewigheid ten volle in te dink. Dit is nie maar net tyd wat gaan aanhou en aanhou nie, dit gaan nog meer wonderlik wees as dit. Daar gaan nie meer so iets soos tyd bestaan nie, want ewigheid dui nie op tydsduur nie, maar veel eerder op die afwesigheid van tyd. Niks wat jou meer gaan dring en haas nie, niks meer wat aan sperdatums en maandeindes en al hierdie gejaagdheid wat ons al meer op aarde beleef gaan onderwerp nie.

God se heerlijkheid gaan die tyd so vooraf dat tyd nie meer die lewe gaan dikteer nie. Al was Jesus met die agtste verskyning alreeds in die lewe van die ewigheid het Hy Homself nog onderwerp aan die mense-wêreld van tyd. Hy was nog in hierdie wêreld en wil ons aanvaar dis was dalk maar net enkele dae na hierdie verskyning wat Hy na die hemele en inderwaarheid na die ewigheid gevaar het. Hy die hemele ingegaan het wat ook eendag 'n nuwe hemel sal wees. Tog is Jesus reeds in sy volmaakte heerlijkheid in die hemele en was dit vir Jesus van die uiterste belang dat ons in ons onvolmaakte wêreld wel kerk van Hom moet wees en ook Sy sending, die sendingopdrag sal uitvoer. Baie praat vandag van God se *Missio Dei*, dié God wat roep Hy stuur jou ook om mense sy dissipels te maak. As die kerk nie ook sendingkerk is nie, dan het daar oor die wese van so 'n kerk 'n groot vraagteken kom staan. Die ware kerk moet altyd ook sendingkerk wil wees.

Dis alles deel van die wese van God se koninkryk, ja die grondwet van die koninkryk is al waaraan die kerk haar eintlik ten volle aan moet onderwerp. Ons kry in ons tyd al te veel sg kerke wat hulle eintlik meer aan menseregte en ander se sg menswaardigheid steur as wat hulle bereid is om aan die grondwet van die koninkryk diensbaar te wees. Die kerk moet aan Christus verantwoording kan doen en moet Christus dien en moet nie aan aardse dinge in die eerste plek onderworpe wil wees nie.

Die fondament of die grondslag van die koninkryk bring ons voor Hom, Jesus Christus wat reeds as Oorwinnaar aan die werk is en reeds as Oorwinnaar met ons deur sy Gees en Woord praat. Hy moet nie nog die dood oorwin nie, nee Hy het die dood klaar oorwin. Dis waarom Paulus in dieselfde 1 Korintiërs 15 wat ons vandag gelees het met soveel vertroue en sekerheid as't ware die dood kan uitdaag met die vraag- dood waar is jou engel, doderyk waar is jou oorwinning (vgl. 1 Kor. 15:54-55). Daar mag nie twyfel wees nie, soos ons in 1 Kor. 15 lees vers 54: *Die dood is vernietig en die oorwinning is behaal ...* Die ouer Vertaling stel dit eintlik so mooi as ons lees - *Die dood is verslind in die oorwinning*. Die 2020 Vertaling staan ook soos die ouer vertaling. *Die dood is verslind*- die Griekse (*καταπίνω*) wat beteken dit is iets wat afgesluk en verteer kan word. Dit het reeds deur die mond en deur die hele spysvertering kon gaan is die meer letterlike betekenis van die woord.

As Jesus by die agtste verskyning daar by die berg staan en dié baie mense sien Hom, dan lees ons baie het neergeval en Hom aanbid. Dit wil voorkom of sy heerlijkheid by hierdie verskyning al so uitgestaan het, ja dit uit Hom gestraal het dat die mense nie anders kon as

om Hom te aanbid nie. As ons Mattheus meer letterlik lees dan kom dit voor asof Jesus eers half ver weg van hulle verskyn het en dat Hy in sy heerlikheid dan al nader aan die skare beweeg het. Ons lees ook wel dat party getwyfel het.

Ons kan ons dit voorstel soos wat Hy dan al nader beweeg het, was daar al minder mense wat sou twyfel oor Wie Hy is wat hier voor ons is. En dan as Hy die oorwinningswoord spreek, wat die grondslag en karakter van die koninkryk proklameer dan mag niemand meer twyfel nie. *Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.* Ja, alles. Hy is die Hoof van die hele aarde, die ganse kosmos, die heelal in sy totaliteit. Hoeveel sterrestelsels, hoe groot die skepping dan ook is, dis alles deel van sy mag! Christus se mag is die grondslag van sy koninkryk waarom alles draai en waarmee ons in die kerk met geen ander mag as net die mag van Christus mee moet rekening hou nie.

As ons met hierdie feit rekening hou dan sal ek ook altyd met die karakter van God se koninkryk rekening hou dat dit is 'n koninkryk van DIENS. Ons sal uitgaan en dienswerk wil doen. Ons sal mense God se dissipels wil maak, ons sal mense wil leer, ons sal nie ophou om mense in die Naam van die Drie-enige God te doop nie. Ons sal Christus wil dien as die Een wat nie net die waarheid ná ons gebring het nie, maar Hyself is die Waarheid. Mag ons by hierdie waarheid staan, by hierdie waarheid moet ons deur Jesus se negende verskyning stil raak.

AMEN